



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 15 OKTOBER 2024 OM 09:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl A K Warnick om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 ONRUS: RIVERLANDS

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat, na afloop van die onrus wat op 14 Oktober 2024 op Riverlands ervaar is, die kontrakteur terug is op terrein en dat gesprekvoering met die onderskeie rolspelers voortgaan om enige negatiewe impak op die herstel van die waternetwerk te mitigeer.

VIR KENNISNAME

3.2 SITUASIE BY HIGHLANDS STORTINGSTERREIN

BESLUIT dat daar kennis geneem word van die voorsitter se versoek om dringend in gesprek te tree insake die situasie by die Highlands Stortingsterrein deurdat onregmatige toegang na die fasiliteit verkry word weens die heining wat plek-plek afgesteel is.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 18 SEPTEMBER 2024

Besluit/...

4.1/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 September 2024 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELING UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 9 OKTOBER 2024

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 SAAKNOMMER 1394/2022: SWARTLAND MUNISIPALITEIT (EKSEKUSIE KREDITEUR) / SYDNEY DAWNDALE JACOBS (VONNISSKULDENAAR): VOORGESTELDE AANKOOP VAN ERF 3986, RIVERLANDS (5/7/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 18 September 2024 goedkeuring verleen vir die moontlike aankoop van Erf 3986, Riverlands op 'n veiling wat ingevolge die voorgeskrewe prosedures op 18 Oktober 2024 sou plaasvind.

Die veiling kon egter nie plaasvind nie, weens 'n versuim van die Staatsdrukker om die voorgenome veiling te publiseer. Daar is nog nie duidelikheid wanneer die veiling wel sal plaasvind nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesecondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Munisipale Bestuurder (of sy genomineerde) met volmag beklee word om 'n bedrag, gelykstaande aan die bedrag wat ten opsigte van die betrokke eiendom verskuldig is wanneer die datum van die veiling bepaal word, op die veiling vir die eiendom aan te bied in 'n poging om eienaarskap te bekom en gevolglik verder te mag handel met die eiendom.

7. NUWE SAKE

7.1/...

7.1 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE (11/1/3/1/7)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die tweede termyn van mnr Chris de Jager op die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee op 31 Oktober 2024 eindig. Mnr de Jager se kundigheid op die finansiële-gebied sal 'n groot leemte laat.

Om voormelde, is daar besluit om x2 nuwe lede te werk en bevestig die Munisipale Bestuurder dat die wetgewende vereistes dit wel toelaat. 'n Verdere voordeel van x4 lede op die komitee is dat die werksaamhede nie geaffekteer word as 'n lid nie beskikbaar is nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat, met inagneming van die samestelling van die bestaande komitee ten opsigte van vaardighede, Advokaat Mdludlu and Me Jones met ingang van 1 November 2024 op die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee vir drie (3) jaar aangestel word;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat die aanstelling ooreenkomstig die vergoedingstarief soos bepaal deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 13 Julie 2022 gedoen word.

7.2 ADDENDUM TOT KONTRAK: DARLING GREEN UTILITY SOLAR PV AANLEG (8/2/2/1)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gee agtergrond tot die *force majeure*-insident wat veroorsaak is deur die swaarreën gedurende Julie en Augustus 2024. Gevolglik kon die konstruksie van die sonaanleg nie voortgaan nie, weens die hoëvlak van die grondwater.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee kennis neem van die *force majeure*-insident soos deur Darling Green Utility verklaar;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aanvaarding van die *force majeure*-insident deur die Munisipale Bestuurder;
- (c) Dat dit nie nodig is om 'n Artikel 116(3)(b)-proses te volg as gevolg van voormelde en die gepaardgaande impak op die inbedryfstellingsdatum van die sonaanleg nie;
- (d) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om 'n Addendum tot die PPA (*Power Purchase Agreement*) te kan onderteken om die nuwe inbedryfstellingsdatum van 20 Januarie 2025 te bevestig.

7.3 KWARTAALVERSLAG INSAKE DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/2)

Die verslag insake die kwartaallikse prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan Artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Munisipale Bestuurder.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag insake die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 Julie 2024 tot 30 September 2024.

7.4 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2024 TOT 30 SEPTEMBER 2024 (8/1/B/2)

'n Verslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsieningkanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2024 tot 30 September 2024 is met die sakelys gesirkuleer.

Besluit/...

7.4/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die Kwartaalverslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid soos beoog deur artikel 6(3) van die Regulasies, sowel as verslae van die Formele Tenders (Bylae A), Informele Tenders (Bylae B) , en die Afwykingsverslag (Bylae C);
- (b) Dat kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 Julie 2024 tot 30 September 2024 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties is om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid (Bylae D).

7.5 WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)

Die proses ten opsigte van die wysiging van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) is vervat in die GOP/ROR/Begrotingtydskedule, soos goedgekeur deur die Raad in Augustus 2024.

Die doel van die wysiging van die ROR is om (1) die Kapitaalbestedingsraamwerk en (2) uitbreiding van die stedelike randgebiede van Malmesbury en Darling in te sluit.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl D G Bess)

Dat goedkeuring verleen word dat die volgende stappe gevolg word om die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) in terme van paragrawe 3 en 4 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning te wysig:

- (a) die Munisipaliteit 'n kennisgewing plaas in twee koerante wat in omloop is in die munisipale gebied en in twee amptelike tale van die Provinsie wat hoofsaaklik in die gebied gepraat word betreffende die voorneme van die Munisipaliteit om die ROR te wysig en die proses wat gevolg staan te word in terme van artikels 28(3) en 29 van die Munisipale Stelselwet;
- (b) die Munisipaliteit die Provinsiale Minister skriftelik in kennis stel van
 - (i) sy voorneme om die ROR te wysig,
 - (ii) die proses wat gevolg staan te word in terme van artikels 28(3) en 29 van die Munisipale Stelselwet, en
 - (iii) dat die gewysigde ROR aan die Provinsiale Minister voorsien word vir kommentaar/insette;
- (c) die Munisipaliteit 'n uitnodiging aan tersaaklike belanghebbendes rig om hulself te registreer ten einde op die gewysige ROR kommentaar/insette te lewer as deel van die beoogde proses;
- (d) die Munisipaliteit 'n projekkomitee aanwys wat uit die volgende amptenare vanuit die betrokke departemente sal bestaan:

Munisipale Bestuurder	:	J J Scholtz
Kantoor: Strategiese Dienste	:	O Fransman
Ruimtelike Beplanning	:	J S Krieger
	:	A M Zaayman
	:	A J Burger
	:	H Olivier
	:	A de Jager
Ingenieursdienste	:	T Möller
	:	L D Zikmann
Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling	:	H Balie
Behuising	:	S Arendse

7.6 SWARTLAND TOERISME NPC: VERSLAE 2023/2024 FINANSIËLE JAAR (9/1/3/2/1)

Die diensleweringsooreenkoms met Swartland Toerisme NGO bepaal, onder andere, dat sekere dokumentasie op 'n jaarlikse basis aan die Munisipaliteit voorgelê moet word.

7.6/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van:

- (a) die inhoud van die Voorsitter se verslag;
- (b) die sleutelprestasie-areas soos gemeet vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023; en
- (c) die inhoud van die finansiële state vir die 2023/24 finansiële jaar.

7.7 SWARTLAND TOERISME: AANSOEK VIR DIE OPRIG VAN 'N BUITELUG GIMNASIUM OP 'N GEDEELTE VAN ERF 495, YZERFONTEIN (15/3/3-14)

'n Aansoek is ontvang vanaf Swartland Toerisme vir die aanbring van 'n buitelig gimnasium op 'n gedeelte, ongeveer 264 m² groot, van Erf 495 te Yzerfontein, nadat daar reeds vroeër (in 2021) in beginsel goedkeuring verleen was vir die oprigting van die gimnasium op 'n perseel elders, te wete Erf 208 Yzerfontein.

Rdh T van Essen noem dat die aansoek nie teengestaan word nie, maar dat daar 'n terrein-inspeksie moet plaasvind om die komitee te vergewis van die impak van die buitelig gimnasium op die flora, veral in blommetyd.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die aansoek van Swartland Toerisme om 'n buitelig gimnasium op te rig op 'n gedeelte (± 264 m² groot) van Erf 495, Yzerfontein, soos aangetoon op die liggingsplan tot die verslag;
- (b) Dat voormelde aansoek van Swartland Toerisme in beginsel ondersteun word, maar dat die uitvoering van die besluit oorstaan tot na afloop van 'n terreininspeksie deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die impak op die flora, veral in blommetyd, te oorweeg;
- (c) Dat daar kennis geneem word van die beswaar wat ontvang is teen die voorstel;
- (d) Dat, ondanks die beswaar wat ontvang is, goedkeuring verleen word vir die oprigting van die gimnasium, vir die volgende redes:
 - (i) Die gimnasium meer as 40 meter vanaf die beswaarmaker se eiendom geleë sal wees, en weinig of geen impak behoort te hê op die gerief van die betrokke eienaar of sy/haar privaatheid;
 - (ii) Die fasiliteit nie met 'n speelplek vergelyk kan word nie, aangesien die gebruikers daarvan hoofsaaklik fiksheidsbewuste individue sal wees;
 - (iii) Die fasiliteit beskou word as 'n groot bate vir plaaslike inwoners sowel as besoekers, veral gedurende die feesseisoen;
 - (iv) Anti-sosiale gedrag soos by alle ander fasiliteite deur die toepassing van wet en orde bestuur moet word;
- (e) Dat die goedkeuring onderhewig sal wees aan implementering deur Swartland Toerisme van die maatreëls soos vervat in hul langtermyn onderhouds- en bestuursplan gedateer 7 Junie 2024, en met dien verstande dat die entiteit ook toesien tot die aanbring van 'n kennisgewingbord by die gimnasium om die gebruiksmatreëls vir die fasiliteite neer te lê, ten einde potensiele oorlaste aan te spreek.

7.8 VERVREEMDING VAN ERF 12874 MALMESBURY (TENDER L01/24/25)

Die Raad het op 30 April 2024 goedkeuring verleen vir die vervreemding van Erf 12874, Malmesbury by wyse van 'n tenderproses.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste meld dat daar slegs een tender ontvang was, wat nie voldoen het aan die tenderkriteria nie. Daar was intussen navrae oor die beskikbaarheid van die betrokke erf, en sal daar vroeg in 2025 weer op tender uitgegaan word.

Besluit/...

7.8/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word dat Tender L01/24/25 vir die Verkoop van Erf 12874 Malmesbury nie oorweeg en toegeken kon word nie, deurdat die tender wat ontvang is nie voldoen aan die tendervereistes vir Ronde 1 van die tweekovertstelsel nie;
- (b) Dat daar met verdrag van tyd weer tenders gevra sal word vir die verkoop van Erf 12874 Malmesbury.

7.9 VOORGESTELDE HERNUWING VAN HUUR VAN MUNISIPALE EIENDOM, ERF 169, MALMESBURY (VOORHEEN BEKEND AS DIE “OU JOODSE SINAGOGES”), GELEË IN PROSPECTSTRAAT AAN DIE MALMESBURY MUSEUM (12/1/3/1-8/1)

[Die Uitvoerende Onderburgemeester verlaat die lokaal vir die bespreking van die item weens familiebande met die kurotor van die Museum.]

Die Malmesbury Museum huur al vir etlike jare die munisipale eiendom, Erf 169 Malmesbury (bekend as dit “Ou Joodse Sinagoge”) geleë in Prospectstraat. Die eiendom is in 1974 deur die Joodse Kerk aan die Munisipaliteit bemaak, op voorwaarde dat dit nie vir godsdienstige doeleindes aangewend word nie. Dit word dus as sinvol beskou om die Malmesbury Museum in die gebou te akkommodeer ten einde die erfeniswaarde behoue te laat bly.

Die huurooreenkoms met die Malmesbury Museum verstryk op 31 Desember 2024.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van munisipale eiendom, Erf 169 Malmesbury (bekend as die Ou Joodse Sinagoge) geleë in Prospectstraat, ongeveer 619.9 m² groot, aan die Malmesbury Museum, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 01 Januarie 2025 tot 31 Desember 2027 sal duur;
 - (ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalasië bereken op die Verbruikersprysindeks (VPI) vanaf jaar 2;
 - (iii) Dat die huurder vir diensteverbruik op die perseel verantwoordelik sal wees;
 - (iv) Dat die eiendom slegs aangewend word as 'n museum en vir geen ander doel nie;
 - (v) Dat die gebou wat as stoorfasiliteit deur die Munisipaliteit se Registrasie-afdeling aangewend word vir die berging van rekords, uitgesluit word van die verhuring;
 - (vi) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word.
- (b) Dat, in terme van paragraaf 12.2.1.4 van die Bate Oordrag Beleid, die verhuring van die eiendom by wyse van direkte onderhandelinge verhuur word, aangesien die eiendom erfenis- waarde het en die gemeenskap baat vind in terme van die geskiedenis van Malmesbury wat in die gebou uitgestal word en wat die gebou self bied.

7.10 VOORGESTELDE HERNUWING VAN HUUR VAN MUNISIPALE GEBOU GELEË OP ERF 3432, MOORREESBURG AAN DIE EIENAAR VAN ERF 3961, MOORREESBURG VIR GEBUIK VAN STOORFASILITEITE (12/2/3/1-9/1)

Die Raad verhuur sedert 2009 die gebou geleë op munisipale eiendom, Erf 3432, Moorreesburg aan die aangrensende grondeienaars (Erf 3961) vir stoordoeleindes.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste verduidelik dat toegang tot Erf 3432 beperk is, en slegs verkry kan word vanaf Erf 3961 weens die feit dat Karobstraat nie ontwikkel is nie.

7.10/...

Die huurooreenkoms verstryk op 30 November 2024.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van munisipale gebou geleë Erf 3432, Karobstraat, Moorreesburg, ongeveer 1564m² groot aan die eienaar van Erf 3961 Moorreesburg, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
- (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van twee jaar vanaf 01 Desember 2024 tot 30 November 2026 sal duur;
 - (ii) Dat 'n maandelikse huur van R374.00 (BTW uitgesluit en 10% eskalاسie per jaar) betaalbaar gaan wees deur die huurder;
 - (iii) Dat die eiendom slegs aangewend word as 'n stoofasiliteit en vir geen ander doel;
 - (iv) Dat die onderhoud van die gebou onderneem word deur en op koste van die huurder; en
 - (v) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word.
- (b) In terme van paragraaf 12.2.1.4 van die Bate Oordrag Beleid, die verhuring van die eiendom by wyse van direkte onderhandelinge verhuur word, aangesien die eiendom aangrensend Erf 3961 geleë is en die feit dat die gebou deur die huurder onderhou gaan word, wat geen finansiële implikasies het vir die Munisipaliteit.

7.11 VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN MUNISIPALE GEBOU OP ERF 1217, ABBOTSDALE, GELEë SONNEBLOMSTRAAT (12/1/3/1-1)

'n Besluit is in Julie 2024 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee geneem dat die gedeelte van die munisipale gebou op Erf 1217, Abbotsdale slegs vir die voorsiening van 'n gemeenskapontwikkelingsdiens verhuur mag word.

'n Advertensie is geplaas om voorstelle vanaf kwalifiserende organisasies aan te vra, maar geen voorstelle is ontvang nie. Die verslag het dus ten doel om goedkeuring te verkry om 'n huurooreenkoms aan te gaan met 'n organisasie wat deur die Munisipaliteit geïdentifiseer sal word wat aan al die vereistes voldoen.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat kennis geneem word dat geen voorstelle ontvang was na afloop van 'n publieke deelname proses ten opsigte van 'n versoek vir voorstelle nie;
- (b) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte van die munisipale gebou, geleë op Erf 1217 Abbotsdale, Sonneblomstraat, by wyse van 'n direkte verhuring aan 'n gemeenskapsorganisasie wat aan die vereistes voldoen, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
- (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van een jaar sal duur;
 - (ii) Dat 'n huurbedrag van R120.00 per jaar (BTW uitgesluit) betaalbaar sal wees asook betaling vir diensteverbruik; en
 - (iii) Dat die munisipale gebou slegs vir die voorsiening van 'n gemeenskapontwikkelingsdiens aangewend word en vir geen ander doel nie;
- (c) Dat, in terme van paragraaf 12.2.1.4 van die Bate Oordrag Beleid, dit in die belang van die gemeenskap sal wees om die eiendom te verhuur vir gemeenskapontwikkelingsdoeleindes.

7.12 VOORGESTELDE VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM (ERF 7840, RIVERLANDS) VIR PLASING VAN SKEEPSVRAGHOURS, AAN SURVIVORS CRÈCHE (118-491-NPO) VIR DIE BEDRYF VAN 'N VROEË KINDERONTWIKKELINGSSENTRUM (12/1/3/1-13/1)

Die Survivors Crèche op Riverlands is al vir ongeveer 25 jaar in bedryf as 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum en dienste word aan 45 kinders aangebied. Die Survivors Crèche het in 2021 verskuif na die perseel van die VGK Riverlands.

Vloedskade, met die breek van die damme buite Riverlands, is op 8 Augustus 2024 aangerig aan die spesifieke gedeelte van die Kerk wat die crèche huisves en hou 'n veiligheidsrisiko vir die kinders en onderwysers in. Op die oomblik kan slegs 'n klein hoeveelheid kinders geakkommodeer word weens beperkte veilige spasie.

Daar is x2 skeepvraghouers aan die Survivors Crèche geskenk wat hulle graag op Erf 7840, Riverlands wil plaas. Indien suksesvol, is die plan om 'n verdere x2 skeepvraghouers te bekom.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die belangrikheid van 'n crèche tydens die ramp besef is, deurdat ouers moet gaan werk en daar nie 'n heenkome vir hulle kinders is nie.

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat die wykskomitee van Wyk 4 die beskikbaarstelling van wyksprojekgelde sal oorweeg vir die omheining van die perseel en dat die Munisipaliteit behulpsaam moet wees met dienste-aansluitings en die proses moet fasiliteer om elektrisiteit vanaf Eskom te verkry.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van munisipale eiendom, Erf 7840 Riverlands, Malmesbury, geleë in Houtkapperstraat, ongeveer 642.9m² groot aan Survivors Crèche (Registrasie Nr. 118-491-NPO), onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 01 November 2024 tot 31 Oktober 2027 sal duur;
 - (ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalasië bereken op die Verbruikersprysindeks (VPI) vanaf jaar 2;
 - (iii) Die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van diensteverbruik op die perseel;
 - (iv) Dat die eiendom slegs aangewend word as 'n vroeë kinderonwikkelingsentrum en vir geen ander doel nie;
 - (v) Dat bouplan goedkeuring verkry word deur en op koste van die aansoeker, met inagneming dat geen bouplan aansoekfooie betaalbaar sal wees nie en dat aan alle veiligheidsvereistes voldoen moet word;
 - (vi) Dat die aansoek vir elektrisiteit deur en op koste van die aansoeker aan Eskom gerig moet word vir goedkeuring;
 - (vii) Dat die grondoppervlakte gelyk gemaak word deur die Munisipale Siviele Ingenieursdienste Direkoraat vir die plasing van die vragkeepshouer; en
 - (viii) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word.
- (b) Dat, in terme van paragraaf 13.1.3 van die Bate Oordrag Beleid, die verhuring van die eiendom by wyse van direkte onderhandelinge verhuur word, aangesien die oprigting van 'n vroeë kinderonwikkelingsentrum wat die behoefte van die gemeenskap vir so 'n sentrum sal aanspreek.

7.13 STRAATNAME VIR DARLING IRDP BEHUISINGSPROJEK (16/5/6)

Die Darling Bestuurskomitee is versoek om straatname ingevolge die Munisipaliteit se beleid te oorweeg.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Raad die voorgestelde straatname goedkeur vir registrasie by die Kantoor van die Landmeter-Generaal, naamlik:
 - (i) Lion Street
 - (ii) Rhino Street
 - (iii) Tiger Street
 - (iv) Fox Street
 - (v) Elephant Street
 - (vi) Leopard Street
 - (vii) Buffalo Street
- (b) Dat goedkeuring verleen word vir die verlenging van Okkerneutstraat en die gepaardgaande her-numering van straatnommers en dat geaffekteerde grondeienaars dienooreenkomstig in kennis gestel word.

7.14 UITSTAANDE DEBITEURE: SEPTEMBER 2024 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir September 2024.

7.15 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 September 2024 soos met die sakelys gesirkuleer;
- (b) Dat versoek word dat die Administrasie metodes ondersoek om die Raad se bates te merk, sodat gesteelde item geïdentifiseer kan word wanneer dit opgespoor word.

7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: VERKRYGING VAN NOOD MAALTYE GEDURENDE DIE RIVERLANDS RAMPPERIODE (8/1/B/2)

Die damwalle van drie damme, geleë op die Plaas Dassenberg, wat grens aan die Swartland munisipale gebied het op Donderdag, 8 Augustus 2024 gebreek en tot groot oorstromings gelei.

Ernstige skade is aangerig aan eiendomme en infrastruktuur, onder andere, is die waternetwerk totaal vernietig. Riverlands en omliggende dele het dus geen toegang tot drinkbare water en elektrisiteit gehad nie.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om nood maaltye vanaf Malmesbur Superspar aan te koop gedurende die Riverlands-ramp ten bedrae van R113 163.30 (BTW ingesluit);

7.16/...

- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die Riverlands-ramp op 8 Augustus 2024 is as 'n noodsituasie hanteer en personeel vanaf Swartland Munisipaliteit en ander Wes-Kaapse munisipaliteit het lang ure (16 ure) sonder etenspouses gewerk om ondersteuning te verleen aan die slagoffers;
 - (ii) Malmesbury Superspar was die enigste diensverskaffer wat bereid was om nood maaltye vanaf vroegoggend tot laat in die aand op 'n noodbasis te lewer;
- (d) Dat die uitgawe van R113 163.30 (BTW ingesluit) teen posnommer: 9/231-966-2418 verreken word;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN KOMPAKTEER-VRAGMOTOR, CK 44823 (8/1/B/2)

Die vulliskompakteervragmotor, CK 44823, word gebruik om die vullisverwyderingsdiens in Yzerfontein en Darling te verrig.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe Verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die kompakteervragmotor, CK 44823 ten bedrae van R113 419.24 (BTW uitgesluit) deur Transtech;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die ondersteuningsagent van die Heil-kompakteerder in die Wes-Kaap is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R113 419.24 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-60-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (d) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGS-PROSEDURES: HERSTELWERK AAN KOMPAKTEER-VRAGMOTOR, CK 21988

Die vulliskompakteervragmotor, CK 21988, word gebruik om die vullisverwyderingsdiens in alle areas van die Swartland Munisipaliteit te verrig.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe Verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die kompakteervragmotor, CK 21988 ten bedrae van R148 814.54 (BTW uitgesluit) deur Transtech;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die ondersteuningsagent van die Heil-kompakteerder in die Wes-Kaap is;

7.18/...

- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R148 814.54 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-51-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (d) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.19 AFWYKING VAN VOORGESKRWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN CHLOOR DOSERINGTOERUSTING BY DIE MALMESBURY SWEMBAD (8/1/B/2)

Maxal Projects SA is deur die Munisipaliteit per tender aangestel om die chloor doseringstoerusting by reservoirs, WWTW's en swembaddens te diens.

Gedurende die uitvoering van bovermelde diensverskaffer se pligte by die Malmesbury Swembad is daar gevind dat die toerusting herstelwerk benodig. Die herstelwerk is buite die pligte ingevolge die tendervoorwaardes en is Maxal Projects SA versoek om 'n kwotasie vir die herstelwerk aan die Munisipaliteit te lewer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe Verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan chloor doseringstoerusting by die Malmesbury Swembad ten bedrae van R39 476.29 (BTW uitgesluit) deur Maxal Projects SA;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) die diensverskaffer, Maxal Projects SA, wat ingevolge SCM tender: T23.23.24 aangestel is, het tydens roetine dienslewering in terme van hul aanstelling foutiewe toerusting by die Malmesbury Swembad geïdentifiseer;
 - (ii) Maxal Projects SA wat reeds op terrein en besig om met die toerusting te werk, en sou dit onprakties wees om 'n ander diensverskaffer te nader om die herstelwerk te doen;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R148 814.54 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-51-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.20 EERSTE WYSIGING VAN DIE 2024/2025 GEDETAILLEERDE MIG-PROJEKIMPLEMENTERINGSPLAN (5/9/2/6/1)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gee agtergrond tot die wysiging van die MIG-projek-implementeringsplan wat hoofsaaklik aan die dringende behoeftes na afloop van die Riverlands-ramp toegeskryf kan word.

Dit word verder voorsien dat die padkontruksieprogram eers in Januarie 2025 'n aanvang sal neem.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat, ten einde die MIG-projekte suksesvol te implementeer daar 'n herallokering van fondse tussen die geregistreerde MIG-projekte gedoen moet word, en dat die 2024/2025 MIG-projekimplementeringsplan dienooreenkomstig gewysig word;
- (b) Dat die volgende projekte en begrotings vir die eerste wysiging van die MIG-projek-implementeringsplan vir die 2024/2025 finansiële jaar goedgekeur word:

Tabel/...

7.20/(b)...

Nr	Project	MIG Ref.	Budget
1	Construction of roads in Illing Lethu, Malmesbury phase 2	WC/1911/R.ST/22/25	R0
2	<i>Upgrading of the external water supply for Darling housing development – remainder of erf 551</i>	WC/1924/W/22/25	R2 591 464
3	<i>New bulk sewer for Darling development for remainder of erf 551</i>	WC/1935/S/22/25	R1 516 105
4	Upgrading of the external water supply for Moorreesburg development	WC/1923/W/22/25	R0
5	New bulk sewer for Moorreesburg development	WC/1934/S/22/25	R0
6	<i>Illing Lethu sports field upgrades</i>	WC/1914/R.ST/23/25	R1 123 506
7	<i>Illing Lethu sports field upgrades</i>	WC2035/CF/23/25	R3 876 494
8	<i>Development of Cell 3A at Highlands Landfill Site</i>	WC1982/SW/23/27	R17 338 000
9	Malmesbury: Rehabilitation of Roads	WC1765/R.ST/19/23	R901 793
10	Malmesbury: Resurfacing/Rehabilitation of Municipal Roads Ph2	WC2026/R.ST/24/27	R1 858 145
		TOTAL	R29 302 000

- (d) Dat kennis geneem word van die besnoeiing van die 2024/2025 MIG-allokasie soos afgekondig op 12 September 2024;
- (e) Dat die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake beskikbaar gestel word.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER